# JEUGLES: Die Gees van die Waarheid

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER:

Word search en Hidden face in picture: elke groep kry een van elk. Kyk wie is eerste klaar.

## 3. PROCESS YSBREKER:

Toe julle die eerste keer na die word search blokkie en die prentjie kyk het dit sekerlik vir julle lekker deurmekaar en na chaos gelyk. Nooit sou jy kon dink dat jy al daai woorde in daai chaos sou kry nie ook nie die gesig in die prentjie nie. Dit het inspanning en soek gekos om dit te kon vind nie waar nie. Dit het my sommer laat dink aan ons lewe vandag als lyk partykeer vir ons na chaos en ons voel oorweldigend party keer. Ons weet baie keer nie meer wat is reg en wat is verkeerd nie of anders gestel wat is die waarheid en wat is die leuen.

Gelukkig het Jesus al hierdie dinge geweet hoe ons sou voel en reageer en Hy het klaar 'n plan gehad. Jy sien toe Jesus opvaar hemel toe het Hy geweet ons gaan iemand nodig hê om ons te help en te leer wat die Waarheid is en dus hoekom Hy die Gees van die Waarheid/die Heilige Gees vir ons gegee het om by ons te bly.

- Voedsel ketting stelsel
- God se ketting stelsel

Julle gaan nou in julle groepies meer leer oor die Gees van die Waarheid.

## 4. GROEPWERK:

1. Kom ons begin by die begin. Die Gees van waarheid kom en getuig van die WAARHEID oor Jesus aan elke persoon op aarde, wat is die waarheid wat elke persoon moet weet? Lees Joh 15:26 en Hand 5:32,32 sal help met antwoord.

**Joh 15:26- Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.**

**Hand 5:30,32- Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang. En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan die wat aan Hom gehoorsaam is.**

***ANTWOORD***: Die Heilige Gees getuig oor die feit dat Jesus as mens gebore is. Hy getuig dat Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes en dat Hy uit die dood opgestaan het. Hy getuig dus dat Jesus die Here is en dus die **waarheid** wat elke gelowige moet weet.

2. Dink julle dat elke persoon in die werêld die waarheid ken? Lees Gal:16[a],19-21.

| |
|---|
| **Gal 5:16[a], 19-21- Laat julle lewens steeds deur die Gees van God beheers word. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusie, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al derglike dinge.**<br><br>***ANTWOORD***: So as ons na die vers kyk dan lyk dit vir my of al die dinge wat hier genoem word, wat die Gees sê ons nie moet doen nie, gebeur in ons alle daagse lewe en dit wil dan vir ons kom sê dat almal nog nie die WAARHEID ken nie. |

3. Ons as kinders van God 'n taak om mense daar buite reg te help en die waarheid aan hulle te vertel. Ons kan dit egter nie uit ons self doen nie wie kan ons help met die WAARHEID? Lees Joh 16:13.

| |
|---|
| **Joh 16:13 - Wanneer Hy kom, die Gees van die WAARHEID, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sê, sal nie van Homself kom nie. Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.**<br><br>***ANTWOORD***: So dus duidelik dat Jesus die Heilige Gees by ons laat bly het en dus die Heilige Gees wat die waarheid aan ons sal leer en die Heilige Gees sal ons help wat ons moet sê en doen. |

4. Hier is 'n paar voorbeelde in ons daaglikse lewe waarmee ons almal sukkel en ons weet nie altyd wat is die waarheid en wat is die leeun nie. Kom ons laat die Gees ons leer uit Sy woord wat die waarheid is.

| LEUEN | VERS | WAARHEID - ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 4.1 Ek kan maar verkeerde dinge doen in die geheim solank niemand my sien nie is ek veilig.<br>- rook,drink<br>- saamslaap<br>-pornografie kyk | Jes 29:15<br>Ellende wag vir die wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here, hulle wat besig is om dinge in die donker te doen en dink: wie sien ons? Wie weet van ons? | Die waarheid is dat ons niks in die geheim kan doen nie die Heilige Gees weet van als wat jy doen en as jy daai klein stemmetjie hoor wat sê dit is verkeerd dan is dit die Gees wat vir jou wil kom leer wat is die waarheid. Stop onmiddelik dan met wat jy besig is en luister na die Heilige Gees. |
| 4.2 Ek kan maar glasie, glasie speel, ek kan maar na 'n waarseêr toe gaan [ dus mense wat jou palm van jou hand lees of jou toekoms met kaarte wil voorspel], ek kan maar die sterre voorspel lees. | Lev 19:26[b],31<br>Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie. Moenie hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here jul God. | Enigste ware gees is die Heilige Gees Hy kom van God. Weereens wees ingestel op daai stemmetjie in jou binneste. As jy nie goed voel oor iets wat jy doen nie en jy voel skuldig los dit , dit is die Gees van waarheid wat jou kom leer. |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3 Ek kan nie help om te sondig nie dus nou maar wie ek is. | Rom 8:5,10,14<br>Die wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, MAAR die wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.<br>Omdat  Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde.  Almal wat hulle deur die Gees laat lei, is kinders van God. | Kom terug na begin van les.  Ons het n keuse of jy kies vir Jesus of jy kies om voort te gaan sonder Hom. Dus duidelik uit die vers dat die wat Jesus kies is kinders van God die wat sonder Hom wil leef is vir die ewige dood bestem. Die waarheid is Jesus het vir ons sondes gesterf. Ons moet dit glo en ons harte vir Hom gee dan kom woon die Gees van waarheid in ons om ons te lei in die volle waarheid.  Elke dag gaan daar versoekings oor ons pad kom ons moet gaan hoor wat sê die Gees wat is waar en wat is vals, wat moet ek sê/doen. **Luister na daai stemmetjie diep binne jou as jy ongemaklik voel/skuldig voel is dit die Gees van waarheid wat vir jou wil kom sê dit waarmee jy nou besig is is verkeerd draai om.** |

**5. SLUIT AF MET GEBED EN KRY JULLE SELFONE**